
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Die Hervormer
Junie/Julie 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 3



**Geloofsverklaring 2025 – Die Kerk as gemeenskap van gelowiges | 3**



**Om standhoudend barmhartig te wees | 4-5**



**Om te behoort, gasvryheid en welstand | 6**



**Stoepstories | 8**

# Bewyse vir die misterie



**Prof Jaco Beyers**

***Net laas week sê iemand vir my: 'n Mens kan ook deesdae niks meer glo tensy jy dit in jou hande vashou nie.***

Dit is in ons menslike natuur om bewyse te wil hê. Die wêreld maak dit nie vir ons makliker om anders te funksioneer nie. Met die oorvloed van valse en halwe nuus raak dit moeilik om werklik te kan onderskei tussen wat onwaarheid is, en dit wat 'n mens maar kan glo. Ek lees onlangs dat sommige gelowiges meen dat die oplossing vir die krimpende kerk daarin gesetel is om jongmense met die *feitlike inhoud* van die Bybel toe te rus sodat hulle die *bewyse* vir hul oortuigings met ander kan deel.

Maar geloof in God berus tog nie op bewyse vir die Bybel nie, of hoe? Dat God bestaan, aanvaar gelowiges, maar ons is versigtig om dit te probeer bewys. Ons geloof is tog nie gebaseer op fisiese en sensoriese bewyse vir byvoorbeeld die opstanding van Jesus uit die graf nie. Inderdaad het ander ons vertel van die leë graf en dat hulle Jesus lewend gesien het. Hul getuienisse wat vir ons in die Bybel opgeteken staan, is vir ons as gelowiges genoeg bewys. Maar hoe bewys 'n mens nou dit wat jy glo aan ander wat nie glo nie?

Oor die eeue heen het mense probeer om bewyse te lewer dat God bestaan.

Die Italiaans-gebore monnik en teoloog, Anselmus van Kantelberg (1033-1109), het in sy leeftyd die ontologiese argument vir die bestaan van God geformuleer. God bestaan, redeneer Anselmus, want daar is niks groter as God waaraan 'n mens kan dink nie. Indien God die grootste iets denkbaar is, dan moet Hy mos bestaan. Indien God nie bestaan het nie, dan sou ons in staat wees om aan iets groter as God te dink. Vergelyk in hierdie verband Paul Tillich se verduideliking van die *ultimate concern*.

Die teoloog, Thomas van Aquinas (1224-1274), se kosmologiese argument stel dit dat die wêreld bestaan omdat God dit so gewil het. Die ganse skepping bestaan omdat daar 'n beweegrede vir die bestaan daarvan was – en dit is God. God is die onbeweeglike Beweger, die Oorsaak sonder 'n oorsaak. Die einste Thomas van Aquinas redeneer dat die skepping 'n doel en 'n funksie het. Iets wat met 'n doel en 'n funksie bestaan, iets wat sorgvuldig beplan moes gewees het. Hierdie teleologiese argument wil wys dat ons die Een wat ons glo alles beplan het, God noem.

Vir die Duitse filosoof, Immanuel Kant (1724-1804), is dit onmoontlik om God te bewys. Maar omdat daar tekens van morele waardes en etiek in die samelewing is, vermoed Kant dat die wêreld op 'n morele wyse deur 'n hoër Wese geskep is. Dit impliseer die bestaan van God. Die feit dat mense sommer vanself moreel optree asof hulle bang is dat daar is 'n hoër Wese wat soos 'n regter hulle dophou en hulle eendag sal straf of beloon, skep vir Kant die moontlikheid dat God bestaan.

Hierdie tradisionele Godsbewyse help ons nie om te begryp wie God is en hoe hy is nie. Die teoloog, John de Gruchy, praat konsekwent in sy boek, *Led into Mystery* (2013) oor *die misterie wat ons God noem* wanneer hy iets oor God wil sê.

Ons ken God slegs as 'n misterie – die gans-andere noem Rudolf Otto en Karl Barth Hom. Dalk kan ons vandag ook nie anders as om soos Thomas van Aquinas en ander kerkvaders oor God in die negatiewe te praat nie. juis omdat dit makliker is om te sê wie en wat Hy nie is nie. Hierdie apopatiese of negatiewe teologie is nog geen bewys dat God bestaan nie, maar dit skep die reliëf waarin ons iets van God raaksien.

Die God wat ons aanbid is in misterie gehul. 'n God wat 'n mens word (die inkarnasie), 'n God wat skynbaar en willekeurig afwesig kan wees (*theodisee*), maak dat geleerdes sê dat die onkenbaarheid van God die uitstaande kenmerk van God is. As ons God kan ken en definieer, sê Tillich, reduseer ons God tot die somtotaal van ons argumente, en de-sakraliseer ons die Heilige God. Wanneer ons God volledig ken, word ons diegene wat die voorwaardes vir sy bestaan bepaal.

Hoe leer ons dan kinders om bewyse vir hul geloof in hierdie God aan te bied? Al wat ons van hierdie God weet, is wat Hy mense toelaat om oor Hom te sê. God in sy openbaring wys wie en hoe Hy is. Ons kennis van God is gebaseer op sy Woord en sy Gees en dit wat Hy van Homself in sy skepping vir ons sigbaar maak.

Mense voor ons, het soos ons gesoek na wie hierdie *onbekende God* is, soos Paulus Hom aan die Grieke in Atene bekendstel. God het ons gemaak; nie ons Hom nie. God het mense gemaak om na Hom te soek, en Hy wil gevind word al moet ons in die duister rondtas (Hand 17: 27). In hul ontmoetinge met God, het mense hul ervaringe en indrukke neergeskryf. As die Bybel dan sê dat die aarde in ses dae geskep is, is dit tog nie 'n wetenskaplike stelling wat as bewys van iets aangebied kan word nie. Dit is hoogstens 'n gelowige se probeer verstaan oor hoe God alles gemaak het.

Aan sy werke en aan die handelinge van sy volgelinge (dissipels), sal ons God se vingerafdrukke sien. Ons ken God dalk slegs aan sy skaduwee. En gelowiges is sy skaduwee. Dalk is dit hoe ons die *imago Dei* (om 'n afbeelding van God te wees) moet verstaan. Of dalk word ons die skaduwee van God in *imitatio Dei* (navolging van Jesus) – om in sy voetspore te volg.

Die vraag is dan juis, is gelowiges 'n eerlike weerspieëling van hoe God is? Is ons 'n goeie skadubeeld vir God? Of verwring gelowiges se handel en wandel die beeld van God in die oë van die wêreld? Al kan die wêreld geen bewyse vir die misterieuse God van die Christene oplewer nie, kan ons lewens getuienisse word dat God wel bestaan.

(Prof Jaco Beyers is die adjunkdekaan van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria)

# Geregtigheid in die oog van die waarnemer

**Ds David Barnard**

**Die bekende frase *beauty lies in the eye of the beholder* het bekendheid verwerf danksy die Ierse skrywer, Margaret Wolfe Hungerford, wat dit in haar roman, *Molly Bawn,* wat in 1878 gepubliseer is, gemunt het.**

Lank voor Hungerford se roman gepubliseer is, het William Shakespeare in *Sonnet 130* reeds verwys na sy geliefde wat nié helder oë soos die son gehad het nie, nié lippe wat so rooi soos koraal was nie. Haar hare het soos drade aan haar kop gehang. Haar wange was vaal, nie rosig nie. Haar reuk was nie die woorde van bekende digters waardig nie. Haar stem het nie soos strelende musiek geklink nie. Haar manier van stap het nie positiewe gevoelens by hom wakker gemaak nie. Son, koraal, blosende wange, elegante treë en 'n strelende stem was tipiese terme waarmee jongmanne in Shakespeare se tyd hul geliefdes beskryf het. *Sonnet 130* eindig met die verklaring van die skrywer dat sy geliefde vir hom kosbaarder as almal was, meer as diegene oor wie se skoonheid daar sogenaamde *leuens* geskryf is. *Beauty in the eye of the beholder.*



Niemand twyfel daaraan dat die waarneming van enige toneel, situasie of persoon in 'n mindere of meerdere mate deur ons eie agtergrond en voorkeure gevorm word nie. Ons sal dus waarskynlik nooit suiwer objektief na die wêreld en wêreldse dinge kan kyk nie.

Daar is etlike voorbeelde hiervan in ons persoonlike lewe, in die politieke milieu van die dag en op elke denkbare terrein. In die afgelope maande met die oorlog wat in die Midde-Ooste gewoed het, waarin duisende mense gesterf het en honderdduisende haweloos gelaat is, het juis die tipiese kampe gevorm. Pro oorlog, kontra oorlog. Pro hierdie groep, kontra daardie groep. Pro hierdie leier en kontra daardie een. Ons het vinnig geleer met wie ons oorlogsake kan bespreek en met wie ons dit eerder moet vermy. My ouers het donkiejare gelede gesê dat as jy by gaste kuier, jy nie godsdiens, rugby of politiek moet praat nie, juis omdat elkeen se unieke standpunte en voorkeure tot spanning en onmin kan lei.

Reg en geregtigheid en standpunte daaroor lê, soos skoonheid, ook in die oog van die waarnemer. Wie staan aan die kant van reg en wie aan die kant van onreg?

Oorloë sal kom en gaan, politieke bestelle skuif soms geruisloos van die een na die volgende en soms met 'n donderende rumoer, maar daar is keer op keer vloei.

Geregtigheid, gesien vanuit 'n Bybelse perspektief, is egter blywend. Ons interpretasie en verstaan mag van tyd tot tyd nuanseverskille ondergaan, maar Bybels gesproke kan geregtigheid net 'n dieper inhoud kry deur die genade van Jesus Christus. Deur die oë van sy offer gesien, is elke gelowige in die reine. James KA Smith meen dat God die uiterste voorbeeld van geregtigheid is. Dit wat ware reg en geregtigheid verteenwoordig, het dus nie soveel met mense te doen as wat ons dalk sal dink nie, maar eerder met God.

Smith stel dit treffend wanneer hy sê dat geregtigheid, soos dit uiteenlopend in verskillende mense se gedagtes leef, nooit 'n suiwer intellektuele verstaan van 'n bepaalde gebeurtenis of aksie in ons wêreld kan wees nie. Geregtigheid, en ons verstaan daarvan het meer te doen met die herstrukturering van ons liefde en voorkeure om in lyn te kom met dit wat Gód liefhet.

Die belangrikste is dat hierdie herskepping van ons eie verstaan van liefde om aan God s'n gelyk te wees, dus ook 'n *rehabituation*, of te wel herstel na die oorspronklike bedoeling van God, moet insluit. Ons soeke na geregtigheid kan dus nie in eenvoudige *pro* en *kontra* groepe verdeel word nie. Ons soeke begin en eindig by ons bestudering en verstaan van God se geregtigheid. Gelowige pro's en kontra's behoort steeds in harmonie 'n roete, wat iets van God se geregtigheid weerspieël, te vind.

Die enigste manier waarop ons kan praat van 'n objektiewe verstaan van die wêreld, is om God te probeer verstaan. Ook hierin lê 'n klompie voetangels opgesluit. Selfs ons verstaan van die Bybel en interpretasie van die wil van God kom tog nie altyd met mekaar ooreen nie. Frank Schaefer het, toe hy as predikant sensitiewe etiese uitsprake oor sy eie seun se homoseksualiteit moes maak, gesê dat as jy dan fouteer in jou denke, verstaan, uitsprake, soeke en worsteling, doen dit dan aan die kant van liefde. Indien jy onbewustelik, of meegesleur deur die kragte wat op jou inwerk, aan die verkeerde kant van geregtigheid beland, laat jou standpunt dan ten minste met liefde gekleur wees.

Ons verskil inderdaad van mens tot mens wat ons verstaan van die werklikheid betref. Die voorbeeld van liefde wat God deur Jesus Christus kom stel het, vra dat ons in sy liefde sal leef. Dit vra dat ons die suiwerheid daarvan sal nastreef. Liefde is immers nie net 'n eienskap van God nie, maar 'n wesenskenmerk. *Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde* (1 Joh 4: 8, AFR83).

## Uit die Woord

**U is met my**

*Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie. U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul* (Hand 2: 25-28, AFR83).

Gees van God wat in my woon, breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon, kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my – breek die Woord vir my.

Gees van God, wat lewend maak, vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak, vorm my tot U eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer – vorm my tot u eer.

(Gesang 442: 1 en 2)

## Oordenking

# Kom ons veg

**Ds Marius Bacon (Emeritus/Delareyville)**

**Lees: 2 Konings 14: 8**

**Einde Februarie 2026 het Amerika besluit om saam met Israel oorlog teen Iran te voer. Dit het gelyk asof die res van die wêreld gedink het dat dit een van pres Trump se kortstondige bevliegings was. Helaas! Toe nie. Die oorlog wat beloof is om sommer in 'n oogwink verby te gaan, lyk asof dit geen einde sal hê nie. Die wêreldekonomie ly daaronder, en brandstofpryse het die hoogte ingeskiet. Ons sal waarskynlik nog maande rondval tussen skietstilstande en dreigemente van oorlog en uitwissing.**

Intussen het dit gesorg vir heelwat verdeeldheid tussen ondersteuners van pres Trump se kwasi-godsdienstigheid en dié wat hom as die wortel van alle kwaad sien. Pogings om die spanning tussen die Weste en Islam te verhoog, het grootliks geslaag deurdat baie Christene inkoop in pres Trump se siening van die *Moslem-gevaar* en boonop dink dat die Christendom 'n spesiale band met Israel behoort te hê. Wêreldmoondhede het ook standpunt ingeneem en daar bestaan oral verdeeldheid oor hierdie oorlog.

'n Baie interessante gedeelte in die Bybel is 2 Konings 14 en spesifiek vers 8. Ongeveer 800 vC het koning Amasia van Juda 'n boodskap vir koning Joahas van Israel gestuur. Die boodskap was: *Kom ons veg teen mekaar.* Sonder enige rede dat hulle vir mekaar moet kwaad wees, stuur die koning van Juda vir die koning van Israel 'n boodskap dat hulle teen mekaar moet veg. Dit wil amper voorkom asof die twee verveeld was en toe die tyd wou omkry deur so 'n bietjie oorlog te maak.

Uit die reaksie van Joahas kan 'n mens aflei dat Juda die behoefte gehad het om te wys hoe groot en belangrik hulle is. Afgesien daarvan dat oorlog eintlik net tussen leiers besluit word en dit die burgers van die lande is wat hul lewens verloor in die bloedige stryd wat volg, was hierdie ook 'n oorlog tussen mense met dieselfde geloofsoortuiging.

Rusland en Oekraïne is sedert 2014 in 'n oorlog betrokke wat in Oktober 2022 weer opgevlam het. Daar het reeds ongeveer 100 000 soldate en burgerlikes gesterf. Tog het beide die lande se leiers 'n noue verbintenis met hul godsdienstige agtergronde. Putin van Rusland kom uit 'n Christelik-Ortodokse agtergrond en Zelensky van Oekraïne uit 'n Joodse agtergrond. Boonop is meer as 70% van die inwoners van Rusland en Oekraïne Christene. Gierigheid, politieke en godsdienstige mag en grootheidswaan is die dryfveer agter hierdie oorlog, wat 'n tragiese invloed op beide lande se inwoners het.

Die leier van die Grieks-Ortodokse Kerk in Turkye, vader Bartholemeus I, het dit as 'n tragedie beskryf waar irrasionele denke heers oor redelikheid en waar liefde oorskadu word deur haat, en donkerte heers oor lig en die dood oor lewe heers. Dit is ongelukkig wat ons ook in die geskiedenis van die kerk sien. Dieselfde gebeur in gemeentes, families en ook vriendekringe. In plaas daarvan dat God se liefde mense se lewens bepaal, is dit verskuilde agendas, selfsug en meerderwaardigheid wat onmin en twis veroorsaak. Paulus skryf in Galasiërs 5: 14-15 (AFR83): *Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.*

Dit maak eintlik nie saak wat die motivering vir oorlog of die onmin en stryd wat dikwels in ons lewens heers, is nie, dit kan nooit vanuit Jesus se gebod van liefde geregverdig word nie. Gebruik vandag om vrede te maak, omdat dit God se liefde in jou hart en lewe sal laat seëvier. Moet ook nie toelaat dat 'n ander se oorlog, onmin en stryd jou verhinder om in God se liefde te leef nie.

# Geloofsverklaring 2025 – Die Kerk as gemeenskap van gelowiges

**Prof Wim Dreyer**

**Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Hervormde Kerk wat in Oktober 2025 in Midstream vergader het, het 'n Geloofsverklaring uitgereik as getuienis teenoor die owerheid en al die inwoners van Suid-Afrika. Dit dien ook as riglyn vir die Kerk se verstaan van ons roeping, dienswerk, teologiese arbeid en verkondiging.**



Die AKV het deur middel van die *Geloofsverklaring* getuig van die hoop wat in ons leef, en die inwoners van Suid-Afrika tot bekering en geloof in God Drie-enig opgeroep.

*Geloofsverklaring 2025* bestaan uit ses artikels. In vorige aflewerings is Artikel 1 (oor die Woord van God) en Artikel 2 (oor die Koninkryk van God) bespreek. In hierdie artikel kyk ons na Artikel 3 en 4, wat handel oor die Kerk.

Die 74ste AKV (2025) het die volgende stelling as deel van *Geloofsverklaring 2025* aanvaar wat iets verwoord van die Hervormde Kerk se verstaan van kerkwees:

> *Die Kerk is 'n gemeenskap van gelowiges afgesonder vir diens aan God en mekaar.*
>
> *As Kerk en kinders van God is ons mekaar se broers en susters in die geloof, en versorg ons mekaar in liefde.*
>
> *Ons getuig met ons kerkwees dat die Kerk aan Christus alleen behoort.*
>
> *Die Heilige Gees help ons om gelowig en gehoorsaam aan God te leef, in verwagting van die wederkoms.*

Die gesprek in die Hervormde Kerk oor ons verstaan van kerkwees en kerkbegrip het veral na die stormagtige 64ste Algemene Kerkvergadering (1995) in omvang en intensiteit toegeneem. Met die opstel van 'n nuwe kerkorde het die debat aanvanklik gesentreer om die afskaffing van Artikel III van die *Kerkwet* (wat lidmaatskap van die Kerk tot blanke persone beperk het) en die aanvaarding van Ordereël IV van die *Kerkorde* (wat die Hervormde Kerk gedefinieer het as 'n *volkskerk vir Afrikaners*). Daarna het die behoud of die afskaffing van die begrip *volkskerk* die gesprek op verskeie AKV's oorheers. Die kerkbegrip van die Hervormde Kerk is vir 'n geruime tyd deur die begrippe *volkskerk* en *notae ecclesiae* bepaal, soos dit verwoord word in die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daarvolgens is die kenmerke van die ware kerk die suiwer verkondiging van die Woord, die regte bediening van die sakramente en handhawing van kerklike dissipline.

Die tradisionele verstaan van kerkwees het om verskeie redes problematies geraak. Nie net is 'n begrip soos *volkskerk* toenemend aan kritiek blootgestel nie, maar dit lei ook tot 'n na-binne-gerigte en institusionele kerkbegrip wat fokus op die instandhouding van bestaande kerklike strukture. Sedert die begin van die 21ste eeu, het daar 'n bepaalde ekklesiologiese verskuiwing in die Hervormde Kerk plaasgevind wat deur die besluite van die AKV verwoord is. Die 69ste AKV (2010), 70ste AKV (2013), 71ste AKV (2016) en 72ste AKV (2019) het ingrypende besluite oor kerkwees in die 21ste eeu geneem.

Verskeie AKV's het die fokus laat val op die Kerk as volk van God, huisgesin van die Vader, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees. Die organiese eenheid tussen Christus en die kerk is duidelik verwoord. As deel van die ekklesiologiese verskuiwing is kennis geneem van mense se soeke na die sin van die lewe en spiritualiteit. Teen hierdie agtergrond was die formulering van 'n enkele metafoor om uitdrukking te gee aan 'n vernuwende kerkbegrip onontbeerlik. Die keuse het geval op *kerkwees in Christus se voetspore*. Dit verwoord iets van 'n Christosentriese ekklesiologie en 'n sterk fokus op dissipelskap, diensbaarheid en getuienis. Die heel eerste Christene het bekend gestaan as *mense van die Weg* – Jesus Christus is die Weg, en die Waarheid en die Lewe. *In Christus se voetspore* verwoord iets van hierdie geloofsreis. Daar word onderskeid getref tussen 'n institusionele en organiese verstaan van kerkwees. Organiese kerkwees impliseer 'n diep bewussyn van die organiese eenheid tussen Christus en sy kerk, 'n groter fokus op die *missio Dei*.

Die begrip *missio Dei* dui op:

- God Drie-enig wat self besig is om sy skepping te transformeer en te verlos;
- Die Kerk as 'n geloofsgemeenskap wat deelneem aan God se handelinge deur te getuig van Jesus Christus;
- Die verkondiging van die evangelie deur Woord en sakrament;
- Die Kerk as geloofsgemeenskap wat dissipels van Jesus Christus word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Artikel 3 van *Geloofsverklaring 2025* verwoord is. Dit verteenwoordig 'n bepaalde verstaan van die Kerk, as 'n gemeenskap van gelowiges, net soos ons elke Sondag in die erediens bely, wanneer die gemeente die *Twaalf Artikels* met oortuiging bely. Die gemeenskap van gelowiges is ook afgesonder vir diens aan God. Die woord *afgesonder* ken as *heilig*, die taal van die *Belydenis van Nicea: Ek glo in een, heilige en algemene kerk...*

Hierdie gemeenskap van gelowiges dien mekaar as broers en susters, en leef as God se kinders, as God se familie en huisgesin. As broers en susters in die geloof versorg ons mekaar in liefde. Daarmee word barmhartigheid as een van die merkers van kerkwees op die voorgrond geskuif. Die denkskuif wat hier verwoord word, dui daarop dat die Kerk nie meer in terme van kerklike strukture (institusioneel) verstaan word nie, maar eerder as 'n lewende en dinamiese geloofsgemeenskap (organies). Dit verteenwoordig 'n skuif van 'n institusionele na 'n organiese kerkbegrip.

Die stelling van *Geloofsverklaring 2025* dat die Kerk aan *Jesus Christus alleen behoort*, moet gelees word teen die agtergrond van die *Barmen Verklaring*, wat die Duitse Belydende Kerk voor die Tweede Wêreldoorlog verwoord het. Die Kerk het in daardie omstandighede dit nodig gevind om hul vryheid teenoor die owerheid en politieke mag te verklaar. Die owerheid het die Kerk vir politieke doeleindes misbruik, en die burgerlike godsdiens het 'n wesenlike gevaar geword. Burgerlike godsdiens gebeur wanneer die Kerk as verlengstuk van 'n politieke party dien, of as die draer en beskermer van ideale van die volk beskou word. In Suid-Afrika is burgerlike godsdiens, en die misbruik van die Kerk vir politieke doeleindes, 'n wesenlike gevaar. Die enigste teenvoeter teen burgerlike godsdiens is om onomwonde te verklaar: *Die Kerk behoort aan Christus alleen; Hy is die enigste Hoof en Heer van die Kerk.*

*Geloofsverklaring 2025* verwoord ook iets van ons verstaan van die Kerk as 'n geloofsgemeenskap wat deur die Heilige Gees gelei word, en leef in die verwagting van die wederkoms. In teologiese taal word die Kerk beskryf as 'n *pneumatologiese en eskatologiese gebeure*. Die Kerk is nie staties nie, maar gebeur telkens waar die Woord onder leiding van die Heilige Gees verkondig word, en mense deur die werking van die Heilige Gees gelowig word. Die gebeure-karakter van die Kerk deurbreek ook die institusionele en statiese verstaan van die Kerk.

*Geloofsverklaring 2025* praat in Artikel 4 oor die *Roeping van die Kerk*. Dit word soos volg verwoord:

> *God het die Kerk geroep en opdrag gegee om die werk van Christus voort te sit.*
>
> *Die Kerk doen dit deur God se genade met Woord, lied en sakrament te vier; teenoor alle mense te getuig dat Jesus Christus die Here en die enigste hoop vir die wêreld is; en in liefde aan ons naaste diensbaar te wees.*

Met hierdie formulering word die Christosentriese dimensie van kerkwees beklemtoon. Die Kerk is nie besig met eie belange, agenda of oorlewing nie, maar met die koninkryk van God. Die Kerk is nie die koninkryk van God nie; die Kerk kan alleen getuig van die koninkryk van God wat gekom het en steeds kom. Christus het mense tot bekering geroep omdat die koninkryk naby gekom het (Mark 1: 14-15). Die roeping van die Kerk is niks anders nie.

Die Kerk getuig dat Jesus Christus die hoop vir die wêreld is. Die Kommissie van die AKV het reeds in 2002, onder leiding van prof Theuns Dreyer as voorsitter, hierdie visie geformuleer, en dit is steeds die visie van die Hervormde Kerk: Jesus Christus, die evangelie, en geloof in God Drie-enig is die enigste werklike hoop vir die wêreld. Daarvan getuig ons en dit verkondig die Kerk.

So is *Geloofsverklaring 2025* ook 'n kragtige getuienis dat die evangelie hoop bring vir 'n wêreld en aarde wat deur menslike geweld en sonde vernietig word.

(Prof Wim Dreyer is emerituspredikant en leraar van Gemeente Outeniqua)

# Om standhoudend barmhartig te wees

**Ds Stephen de Beer, dr Anet Dreyer-Krüger en Alphonso Theron**

**In Lukas 6: 36 (AFR2020) roep Jesus gelowiges op om *barmhartig te wees soos julle Vader barmhartig is*. Dit word egter al hoe moeiliker om standhoudend barmhartig te wees op terreine waar dit regtig nodig is. Op gemeentevlak werk gemeentes hard om 'n verskil in hul gemeenskappe te maak. Waar die Kerk deur Rata, die DPS-pleegsorghuise, TOIBO en Ons Tuis spesialisdienste vir bejaardes en kinders aanbied, word die uitdagings al hoe groter.**






Die *Drive-for-a-Child*-span wat hard werk agter die skerms

Die Algemene Diakensvergadering het Plesion in 2007 as 'n niewinsgewende organisasie in die lewe geroep om meer standhoudende ondersteuning aan bogenoemde instansies te bied. Plesion het die opdrag begin deur 'n eiendomsmaatskappy, Khesed, te stig wat geleenthede wat die verhuring van eiendomme bied, wil ontgin. Dit is deel van ons langtermynstrategie.

Onder die *Light-for-a-Child*-sambreel wil Plesion geleenthede wat sport bied, benut om fondse in te samel. Hierdie fondse is bedoel om hulp op die korttermyn te verleen.

Die volgende inisiatiewe val onder die die *Light-for-a-Child*-sambreel:

- *Drive-for-a-Child*
- *Walk-for-a-Child*
- *Run-for-a-Child*
- *Swim-for-a-Child*
- *Ride-for-a-Child*
- *Arts-for-a-Child*

Die kanse wat fietsry bring, word weer deur die *Ride-for-a-Child*-inisiatief ontgin. In 2025 het 'n klompie dapper mense 1135 km in die Munga-bergfietswedren aangedurf om fondse vir Rata te genereer. Met die Plesion 25/25/25 *Run-for-a-Child* het 12 drawwers 250 km in 25 ure kafgedraf, en R250 000 is ingesamel. In Februarie vanjaar het 'n klompie swemmers aan die *Swim-for-a-Child*-projek by Kroondal deelgeneem. Meer oor hierdie uitdagings elders op die bladsy.

***Drive-for-a-Child***

Gholf is 'n handige manier om fondse te genereer en *Drive-for-a-Child*-gholfdae het gegroei van 'n nederige begin tot 'n uiters suksesvolle jaarlikse projek ten bate van Rata. Die gholfdag vind hierdie jaar op 20 Augustus by die pragtige Silver Lakes Gholfbaan plaas. Hierdie gholfbaan is die tuiste van die *Drive-for-a-Child*.

***Walk-for-a Child***

*Walk-for-a-Child* is in 2025 by twee gemeentes se feeste aangebied – die Magaliesfees by Gemeente Oos-Moot en die Kaalvoet Karnaval by Gemeente Noordwestelike Pretoria. Hoewel dit kan lyk of ons vir vyf ure onsself moeg stap op die loopband (*treadmill*) om nêrens heen te gaan nie, betaal stappers 'n deelnemersfooi en word hulle geborg om fondse vir kindersorg in te samel.

Ons sien uit na 'n nuwe *Walk-for-a-Child*-inisiatief – die *Trans Kruger Trail* (TKT). Hierdie unieke staproete in die Kruger Nasionale Park begin by Crooks Corner in die noorde en eindig by Malelanehek in die suide van die park. Dit word in ses bene van ses dae elk gestap wat oor drie jaar versprei is. Fred Paynter (jr) gaan die staptog tussen 2026 en 2028 aanpak om fondse vir dié projek in te samel.

***Run-for-a-child* en *Swim-for-a-child* (Dr Anet Dreyer-Krüger)**

*Run-for-Child* en *Swim-for-a-Child* was hierdie jaar in byna dieselfde formaat: ewe nat! Albei fondsinsamelings was swaar en lekker en baie suksesvol! Nie een van die ander wat saam met die dominees deelgeneem het, het gedink dat dominees so lekker nonsens op 'n lang pad of langs die swembad kan praat nie. Maar een ding is seker – hulle wil almal volgende jaar weer deelneem!

Die Plesion 25/25/25 *Run-for-a-Child* het op 17 November by die ATKV-Buffelspoort plaasgevind. Ons het die 250 km in die 25 uur-tydperk in skofte regdeur die nag in baie nat toestande en gly-gly voltooi.

Die doelwit van R250 000 is ook bereik. Maar 'n sekere dominee (ons sal nie ds Johnny Young se naam in die verband noem nie!) het die span *beloof* dat die pad baie plat sou wees, maar daardie belofte het stil-stil saam met die energie teen die bulte afgegly...

Die swemmers van *Swim-for-a-Child* se doel was om elk 'n kilometer te swem om 12 km binne ses uur te voltooi en R24 000 in te samel. Daar was egter 'n paar ooryweriges wat geglo het in oortollige goeie werke, dus is daar gesamentlik 36,7 km binne die afgebakende tyd geswem.

*Hoekom wil julle dit doen?* Dis nou al 'n leuse onder die *for-a-Child*-deelnemers: *Vir oom Stephen se kindertjies!* En vir kindertjies wat swaarkry, kan ons mos ook 'n bietjie swaarkry!

***Ride-for-a-Child* (Alphonso Theron)**

In 2023 wou ek aan die die Munga deelneem om 'n droom op my *bucket list* te vervul. Maar ek wou nie net vir myself ry nie. Ek wou ry vir 'n doel.

Daarom het ek hande gevat met Rata Social Services wat na mishandelde en verwaarloosde kinders omsien.

My deelname aan die Munga het egter rampspoedig geëindig toe ek weens 'n ernstige kniebesering moes onttrek.

Aan die begin van 2025 het ek vir dr Wouter van Wyk uitgedaag om 'n span predikante van ons Kerk vir die Munga Équipe-afloswedren van 2025 in te skryf. Ons kon drie predikante motiveer, en ek en Chris Reyneke het by die span aangesluit om die vyftal vol te maak.

Die span wat aan die wedren van 26 November tot 1 Desember deelgeneem het, was dus ek, dr Wouter van Wyk, ds Schalk Zastron, Chris Reinecke en ds Martin Meyer. Riaan Loots en Annetjie van Wyk het aan die solo-wedren deelgeneem. Conrad Blything het opgetree as ons bestuurder.

Kom word deel van die *Ride-for-a-Child*-familie. Ek kan ongelukkig weens beserings nie aan die 2026-uitdaging deelneem nie. Ons het daarom nuwe ryers nodig wat bereid is om die uitdaging aan te pak. Kom ry saam, of skenk R1 000 vir 'n kind in nood. Ons het jou nodig!

Elke kilometer wat gery word en elke rand wat gegee word, help om 'n kind se toekoms te verander.

***Arts-for-a-child***

Dis het einde niet!

Die *Arts-for-a-Child*-projek wat op 31 Augustus afskop, voltooi die sirkel van projekte onder die *Light-for-a-Child*-sambreel. Dit neem die vorm van 'n kunskompetisie aan waarby kinders betrek sal word. Beoordeling vind in September plaas en die wenners sal tydens 'n gala-aand in Oktober aangewys word.

**Dankie!**

Ons is dankbaar teenoor elke deelnemer, donateur en borg wat gehelp het om meer as R600 000 in die boekjaar geëindig Februarie 2025 met hierdie verskillende *Light-For-a-Child*-inisiatiewe in te samel. Julle toewyding en ondersteuning het 'n substansiële verskil gemaak aan al die kindersorgprojekte waarby ons as Kerk kollektief betrokke is.

So bou ons saam 'n brug oor die troebel waters waarin weerlose kinders hulself bevind. Of dalk nog beter – raak betrokke by een van die projekte en wees self die brug.

(Ds Stephen de Beer is leraar van Gemeente Noordwestelike Pretoria en dien op die Komitee vir Diakonaat, dr Anet Dreyer-Krüger is 'n nie-diensdoenende predikant met ampsvoorreg en Alphonso Theron is 'n lidmaat van Gemeente Philadelphia en die ambassadeur van *Ride-for-a-Child*)


Die *Ride-for-a-Child*-span


Die *Run-for-a-Child*-span


Die *Swim-for-a-Child*-span


Gladde paaie tydens *Run-for-a-child*


Elfreida Oelofsen by die Magaliesfees


Hannelie Pretorius kaalvoet by die Kaalvoet Karnaval 2025


Dr Martin Jansen van Rensburg hou goeie toesig by die Kaalvoet Karnaval. Hy is die koördineer die *Walk-for-a-Child*-projekte


Fred en Anette Paynter wat die TKT vir *Walk-for-a-child* stap


Eon rus so bietjie en ds Gerhard neem foto's



Maklik is dit nie!
Foto: Erik Vermeulen



Mishandelde skoene!

# Om te behoort, gasvryheid en welstand

Dr Annelie Botha

**In 'n vinnig veranderende wêreld gebeur dit toenemend dat mense uit pas en soms uit plek in die wêreld voel. Vinnige verandering en uitdagings in samelewingstrukture, laat mense onseker, onveilig en ontuis voel. Daarom word daar ook in die pastoraat aandag gegee aan die belangrikheid van mense se ervaring van behoort en tuiswees wat nou gekoppel is aan mense se totale ervaring van welstand.**

Die plek en ruimte wat iemand 'n tuiste noem of as 'n tuiste ervaar, verskil vir almal. Tuiste kan verwys na 'n fisiese plek, die plek waar 'n mens gebore is, die huis waarin jy grootgeword het, die land waarin jy woon, of die huis waar jy tans woon. Tuiste kan ook verwys na die innerlike, psigiese ruimte waar 'n mens gemaklik en veilig voel. Tuiste kan ook verwys na 'n psigososiale ruimte van saamwees met mense wat jy ken en by wie jy gemaklik en tuis voel. Tuiste kan verwys na 'n dieper werklikheid om in God se teenwoordigheid te wees, God se teenwoordigheid wat fisiese plekke en omstandighede transendeer.

Om tuis te voel, is nou gekoppel aan 'n mens se gevoel van behoort. Om te behoort kan beskryf word as die ervaring van deel wees van sosiale stelsels soos familie, vriende, skool, werksomgewing, geloofsgemeenskap, kultuurgroepe en fisiese plekke. Die behoefte om te behoort bevorder 'n gevoel van sekuriteit en is ook verbind aan welstand. Die behoefte om te behoort is belangrik vir menslike gesondheid. Ten spyte van die belangrikheid van behoort, vind baie mense dit moeilik om te ervaar dat hulle behoort.

Sosiale vervreemding is 'n groeiende bron van kommer en word onder andere veroorsaak deur ontwikkelinge in tegnologie, gebroke gesins- en gemeenskapstrukture en die tempo van die moderne lewe. Die Covid-pandemie het hierdie ervaring van sosiale vervreemding wat reeds bestaan het, versnel. Tydens die Covid-pandemie het huise, wat gewoonlik as veilige ruimtes beskou is, gevaarlike plekke geword waar verskeie vorme van mishandeling plaasgevind het. Dit het bygedra tot ontworteling. Diegene wat mishandel is, is van hul gevoel van behoort en sekuriteit beroof.

**'n Teologie van tuiswees**
'n Teologie van tuiswees begin en eindig met God as die een wat skep. God skep plekke en mense waar en met wie 'n mens kan saamleef. Dit het te doen met ingewortel wees in God, God se mense en God se aarde.


'n Gevoel van ontworteling en haweloosheid is dikwels een van die gevolge van verstedeliking, en tegnologiese vooruitgang. Tegnologiese vooruitgang maak dat mense op baie plekke kan wees en tog 'n gevoel van valse verbondenheid kan beleef. Gevolglik word die waarde van menslike interaksie van aangesig tot aangesig onderskat.

In 'n wêreld waarin dit dikwels dol gaan, 'n wêreld wat gevul is met besig wees en druk en hiperaktiwiteit, word woorde soos *stilte*, *stilwees*, *stabiliteit* en *behoort* vreemd aan daaglikse ervarings wat dikwels beskryf word deur woorde soos *chaoties*, *onstabiel* en *ontwortel.* Stilte, stabiliteit en behoort is egter dié dinge wat 'n teologie van tuiswees moet poog om te herwin.

Mense benodig stabiliteit en die vryheid om stadiger te leef, om so gesonder lewens wat die siel voed, te lei. Een manier waarop mense dit kan bereik, is deur gemeenskap met God, hulself en ander. Dit behels om tuis te wees met God en jouself. Hierdie stadige leef om weer verbind te word en te behoort, vereis 'n teologie van tuiswees wat die oproep van Psalm 46: 11-12 ernstig opneem: *Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting* (AFR83).

Vanuit 'n pastorale perspektief, is dit die roeping van die geloofsgemeenskap om mense hierdie gevoel van tuiswees te gee wanneer mense met waardigheid as medebeelddraers van God behandel word. Om in gemeenskap met God, jouself en ander te leef, bevorder die skep van ruimtes waar almal tuis kan voel en voel dat hulle behoort.

**Om te behoort**
Maslow stel dat liefde en om te behoort van die mees basiese menslike behoeftes is. Die behoefte om te behoort word op



die derde vlak binne die sosiale behoeftekategorie geplaas en beklemtoon die belangrikheid daarvan vir menslike welstand. Om te behoort sluit die sosiale behoeftes van vriendskap, familie, intimiteit en 'n gevoel van gemeenskap of verbondenheid in. Wanneer die behoefte aan behoort nie voldoende bevredig word nie, ervaar individue gevoelens van eensaamheid, isolasie en 'n gebrek aan betekenis.

Daar is verskeie studies wat die voordele van 'n gesonde gevoel van behoort aantoon. Van die voordele wat geïdentifiseer is, is verbeterde sosiale verhoudings, akademiese sukses, loopbaanprestasie en beter fisiese en geestelike welstand. Die negatiewe gevolge van nie behoort tot nie of verwerping sluit 'n verhoogde risiko van geestesongesteldheid, antisosiale gedrag, verswakte immuunfunksie, fisiese siekte en vroeë dood in.

Die onderskeie sosiale wetenskapdissiplines beskik elkeen oor verskillende maatstawwe om die mate waarvolgens iemand ervaar dat hulle behoort, te meet. In sommige gevalle is die ervaring van behoort gebaseer op prestasie-aanwysers. Die gevoel van behoort aan 'n gemeente kan byvoorbeeld afhang van die hoeveelheid ondersteuning wat 'n persoon van daardie gemeente ontvang.

Navorsers het vier komponente geïdentifiseer waaruit die ervaring van behoort ontstaan. Die eerste komponent is bekwaamheid om te behoort; die tweede komponent is geleenthede om te behoort; die derde komponent is motivering om te behoort; en die vierde komponent is persepsies van behoort.

**Bekwaamheid om te behoort:** Wanneer individue die nodige vaardighede besit om aan sosiale interaksies deel te neem, effektief te kommunikeer en verhoudings te bou, verbeter dit hul vermoë om met ander te skakel en 'n gevoel van behoort te voel.

**Geleenthede om te behoort:** Die tweede aspek van behoort beklemtoon die beskikbaarheid van geleenthede wat individue in staat stel om verbind te voel. Hier gaan dit oor die verwydering of vermindering van hindernisse wat individue kan rem om ten volle deel te neem en betrokke te raak by sosiale groepe of gemeenskappe.

**Motivering om te behoort:** Motivering speel 'n belangrike rol in individue se gevoel van behoort. Wanneer individue gemotiveerd is om te behoort, is hulle meer geneig om moeite te doen om betekenisvolle verhoudings te bou en te onderhou, wat hul algehele gevoel van behoort verbeter.

**Persepsies van behoort:** Die laaste aspek van behoort fokus op hoe individue tydens positiewe of negatiewe interaksies en verbindings dink, interpreteer en reageer. Positiewe sienings van behoort verhoog selfbeeld, selfvertroue en tevredenheid met sosiale bande wat individue se gevoelens van behoort versterk.

**Virtuele behoort (*Virtual belonging*)**
Die ontwikkeling en transformasie van sosialemedia-platforms het die samelewing beduidend beïnvloed. In die moderne era het die opkoms van digitale tegnologieë nuwe geleenthede geskep om die basiese menslike behoefte aan behoort, te vervul. Veral onder die jonger geslag soek en vorm mense toenemend verbintenisse en 'n gevoel van behoort in virtuele omgewings. Die konsep van virtuele behoort behels die verskynsel waar individue binne die virtuele gemeenskappe wat hulle kies, doelbewus 'n rol kies en inneem, gebaseer op hul belangstellings en persoonlikheidseienskappe.

Deur aktiewe funksionele en gesonde vorme van behoort na te streef, kan individue 'n ondersteunende en koesterende sosiale omgewing skep wat bydra tot hul algehele welstand.

**'n Teologie van behoort**
'n Teologie van behoort draai om die verhouding met God. God nooi individue om deernis, liefde en aanvaarding binne 'n verhouding met God self en ander te ervaar. In God se teenwoordigheid en in die teenwoordigheid van mense wat in gemeenskap met God en mekaar leef, is almal welkom, behoort almal, en maak almal saak. 'n Teologie van behoort is gegrond op die wete dat jy aan Jesus Christus behoort – *maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God* (1 Kor 3: 23, AFR83). Om deel van Christus en die gemeenskap wat Hy vestig te wees, benodig 'n mens nie status of invloed nie. Dit gaan oor onvoorwaardelike aanvaarding en dat jy behoort. Hierdie tipe behoort is nou gekoppel aan gasvryheid.

**Gasvryheid, om te behoort en welstand**
Die oorsprong van gasvryheid as 'n instelling, 'n bepaalde ingesteldheid teenoor ander, kan teruggevind word in die Joods-Christelike tradisie – veral in die lewe en bediening van Jesus. Gasvryheid word gekenmerk deur die volgende eienskappe: deernis, begrip, vergifnis, gemeenskaplikheid, aanvaarding en liefde. Gasvryheid verteenwoordig 'n ruimte waar moeë en gewonde reisigers aanvaarding en genesing kan vind. Gasvryheid is die reaksie op die menslike toestand van eensaamheid en die behoefte om te behoort, wat noodsaaklik is vir welstand. Gasvryheid gaan oor die skep van ruimtes wat nie oorlaai is met verwagtinge en voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat 'n mens tuis kan voel of behoort nie. Gasvryheid gaan oor die skep van koesterende omgewings: plekke en ruimtes van sorg waar mense ervaar dat hulle as 'n subjek en nie 'n objek behandel word nie.

Deur die teologiese erfenis van gasvryheid word ons opgeroep om veilige en koesterende omgewings te skep waar ons in God se teenwoordigheid ingenooi word, en waar almal gevoed kan word en kan tuis voel, en sodoende bydra tot die welstand van almal.

(Dr Annelie Botha is leraar van Gemeente Montana-Oos en dosent by Universiteit van Pretoria)

# Inklusiewe onderwys: Die weg na menswaardigheid en gemeenskap

**Marie Schoeman**

**Die konsep van inklusiewe onderwys is reeds 25 jaar in Suid-Afrikaanse wetgewing vervat. Verskeie beleidstukke verseker dat kinders met gestremdhede sonder teenstand by hul plaaslike skole toegelaat word. Daar is ook maatreëls om hulle te ondersteun, sodat hulle hul volle potensiaal kan ontwikkel.**

Tog blyk dit dat Suid-Afrikaners dikwels steeds weerstand teen inklusiewe onderwys bied. Hierdie weerstand word hoofsaaklik geregverdig deur die idee dat kinders beter in gesegregeerde spesiale skole of klasse ondersteun word waar hulle individuele hulp kan ontvang. Hierdie mistasting is egter al meer as twee dekades deur uitgebreide navorsing hier en elders weerlê.

Inklusiewe onderwys is nie net 'n moderne opvoedkundige idee nie, maar 'n erkenning van die inherente waardigheid van elke mens. Die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede wat reeds in 2007 deur Suid-Afrika amptelik bekragtig is, beklemtoon dat inklusiewe onderwys die sleutel is tot gelyke geleenthede en volwaardige deelname aan die samelewing. Dit is hartseer om te hoor van die stryd wat volwasse gestremdes en ouers moes voer om hierdie regte af te dwing.

Ek, as ouer van 'n volwassene met downsindroom, beywer my al jare vir inklusiewe onderwys, nie slegs as ouer nie, maar ook in my hoedanigheid as voormalige beampte van die Departement van Basiese Onderwys. Ek het eerstehandse ervaring van die voordele wanneer persone met gestremdhede hul skoolloopbaan in die hoofstroom kan voltooi.

Ongeag die aard van hul gestremdheid is dit vir kinders belangrik om van kleins af tussen ander kinders van hul eie ouderdom te leer. Hulle ontwikkel nie net sosiale vaardighede nie, maar vaar ook akademies beter. Veral vir persone met verstandelike gestremdheid help die blootstelling aan 'n gangbare spraakmodel hul kommunikasievaardighede. Dit is ook belangrik vir alle gestremdes om die gewone kurrikulum in al sy fasette te deurloop. Hoër verwagtings word daar aan hulle gestel en hulle word blootgestel aan alle vakke. Die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsverklaring bied riglyne vir differensiasie in onderrig en assessering.

'n Ondersoek deur die Departement van Basiese Onderwys het bevind dat standaarde in die oorgrote meerderheid van spesiale skole nie na wense is nie. Dit bevestig veelvuldige bevindings deur die media wat wantoestande in veral kosskole aan die lig gebring het. Daar is natuurlik goeie spesiale skole met toegewyde onderwysers waar kinders belangrike vaardighede leer wat hulle in die werksplek kan help. Dit bly egter 'n kunsmatige omgewing. Jongmense moet van jongs af leer om onafhanklik te wees, sodat hulle met selfvertroue verdere studie en werk in die oop arbeidsmark kan aanpak. In ieder geval maak tegnologiese hulpmiddels (soos elektroniese braillelesers) dit deesdae makliker, sodat daar min rede vir uitsluiting is. Selfs persone met komplekse gestremdhede soos outisme kan baat by gewone skole as daar ondersteuning is (byvoorbeeld beskikbaarheid van klasassistente, voortgesette opleiding en adviesdienste vir onderwysers). Daarby verkies die gehoorgestremde gemeenskap tweetalige skole waar gebaretaal een van die tale van onderrig is.

Inklusiewe onderwys is nie net voordelig vir kinders met gestremdhede nie – alle kinders baat daarby. Wanneer kinders saam met maats wat van hulle verskil grootword, leer hulle empatie, geduld en respek vir diversiteit. Hulle besef elke mens het waarde, en verskille hoef nie verleentheid te skep nie, maar bied 'n geleentheid om van mekaar te leer. As volwassenes is hulle meer geneig om inklusiewe werkplekke en gemeenskappe te ondersteun. Inklusiewe onderwys bou dus nie net beter skole nie, maar ook sterker gemeenskappe.

Die kerk het 'n besondere verantwoordelikheid in hierdie verband. Gemeentes moet plekke van aanvaarding, liefde en geborgenheid wees. Wanneer kinders met gestremdhede van kleins af by kategese, jeugaktiwiteite, eredienste en gemeentelewe ingesluit word, stuur dit 'n kragtige boodskap: *Jy behoort hier*. Sodanige insluiting help kinders om hul geloof, identiteit en selfwaarde te ontwikkel. Dit ondersteun ook gesinne wat dikwels geïsoleerd of oorlaai voel.

Jesus se bediening was gekenmerk deur deernis, aanvaarding en insluiting van die uitgeslotenes. Hy het mense raakgesien wat ander misgekyk het. Hy het kinders verwelkom, siekes aangeraak en almal met waardigheid behandel. Die evangelie roep ons op om mense nie op grond van hul vermoëns of beperkinge te beoordeel nie, maar as geskape na die beeld van God. Inklusiewe gemeentes leef hierdie boodskap prakties uit.

Insluiting beteken meer as net fisiese teenwoordigheid. Kinders moet werklik deel voel van die geloofsgemeenskap. Dit vra soms eenvoudige aanpassings: toeganklike geboue, sensitiewe taalgebruik, visuele ondersteuning tydens kategese, of die bereidheid om kinders op verskillende maniere te laat deelneem. Die grootste verandering vind dikwels nie in infrastruktuur plaas nie, maar in gesindheid.

In Suid-Afrika is daar steeds groot uitdagings. Baie kinders met gestremdhede, veral op die platteland, wag jare vir 'n skoolplasing of kry nie die nodige ondersteuning nie. Tog bewys talle suksesverhale dat inklusiewe onderwys moontlik is wanneer skole, ouers, kerke en gemeenskappe saamwerk. Die vraag is nie óf kinders met gestremdhede kan behoort nie, maar hoé ons gemeenskappe kan verander om elke kind welkom te laat voel.

As geloofsgemeenskap word ons geroep om ruimtes van hoop en insluiting te skep. Deur kinders met gestremdhede in te sluit, leef ons die liefde van Christus sigbaar uit. Ons bou 'n samelewing waar elke mens waardevol geag word en niemand uitgesluit word nie. Inklusiewe onderwys en gemeentes herinner ons daaraan dat diversiteit nie 'n bedreiging is nie, maar deel van God se goeie skepping.

(Marie Schoeman is 'n lidmaat van Gemeente Philadelphia. Haar seun Kosie is al geruime tyd 'n diaken in die gemeente. Hy het sy skoolloopbaan by Laerskool Pretoria-Oos en Nuwe Hoop Skool voltooi. Hy werk reeds 18 jaar by die Universiteit van Pretoria as algemene assistent in die Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie, sowel as in die bindery van die Biblioteekdiens. Hy het vroeër 'n rol in die TV-reeks *7de laan* vertolk. Op 11 Junie 2026 verteenwoordig hy Downsindroom Suid-Afrika tydens die COSP19 by die Verenigde Nasies.)

# Nasionale NHSV-kongres 2026 – Nogtans sal ek jubel

**Mari-lizé Beukes**

**Die NHSV se 50ste Nasionale Kongres vind van 26 tot 28 Junie 2026 plaas. Die openingsaand is by Gemeente Montana en die kongresverrigtinge vind by Batter Boys, Montana, Pretoria plaas.**

Ds Leon Geel (sr), erepresident van die NHSV, sal die oordenking tydens die openingsaand lei. Die bekende orrelis, Pieter van den Berg, en verskeie ander musikante sal die begeleiding vir ons hanteer. Groeteboodskappe deur die Algemene Kerkvergadering en die Komitee vir Diakonaat sal onderskeidelik deur ds Leon Geel (sr) en dr Martin Jansen van Rensburg gelewer word.

**Gaskunstenaars en -sprekers**
Ons eerste motiveringspreker is die bekende Yolande Britnell-Steyn. Haar bediening is oor die moeilike pad wat vroue soms stap en om elke vrou daaraan te herinner dat God hulle vir 'n spesifieke doel geskep het.

Een van ons kunstenaars, Jak de Priester, het geen bekendstelling nodig nie. Na 20 suksesvolle jare in die Suid-Afrikaanse vermaakbedryf, is hy 'n bekroonde kunstenaar met sy sielvolle stem, betekenisvolle lirieke, ritmiese musiek en vermaaklike verhoogpersoonlikheid. Hy het oor die jare diep in sy ondersteuners se harte kom nesskop.

Ons tweede kunstenaar is Je-ani Swiegelaar met haar eenvrouvertoning, *Swipe regs.* Sy is wyd bekend vir haar rol as sr Naomi Ferreira in die gewilde kykNET-sepie *Binnelanders* asook in ander televisieproduksies, insluitend 'n gasrol in *Villa Rosa* en die karakter Marietjie in *Getroud Met Rugby 4*.


Ons tweede motiveringspreker, Gerda van der Merwe, is 'n predikantsvrou en die stigter van LÉÉF en Dayenu Art and Framing – twee platforms waar kreatiwiteit, neuro-afrigting en menswees op 'n unieke wyse saamvloei.

**Beskrywingspunte**
Die beskrywingspunte wat tydens die kongres gaan dien, bepaal die NHSV se aksiestappe vir die volgende drie jaar en die projekte wat ons gaan aanpak. Die kwessies wat aangespreek gaan word, is onder andere ouerleiding, bejaardesorg, jeug en geestesgesondheid.

**Mededelings en ons eie kunsaktiwiteit**
Mededelings word tydens die kongres deur die volgende instansies gelewer: Welstandsprogram en SGB, Afdeling Interne Oudit, Rata Maatskaplike Dienste, CSO, Eendrachtkring, Ons Tuis, Bybelgenootskap, SP Engelbrecht-museum, DPS-pleegsorghuise, Komitee vir Diakonaat en Weet.

Saterdagaand hou ons 'n kunsaktiwiteit soortgelyk aan *scrapbooking* wat deur mev Thea van Rooyen aangebied word. Sy het die NHSV-temas van die afgelope drie jare met haar unieke styl en kuns uitgebeeld.

**Kongresoproep en geloofsbrief**
Ons bied finansiële ondersteuning aan vir NHSV-takke en




vrouelidmate wat graag die kongres wil bywoon. Kontak asseblief die NHSV-kantoor (012 325 0117) of stuur 'n epos aan **admin@nhsv.org.za** met die versoek. Ons help graag.

Die geloofsbrief en besprekingsvorm is beskikbaar by **www.nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

(Mari-lizé Beukes is die voorsitter van die NHSV-Hoofbestuur)

# Emeritaataanvaarding van dr GC Lindeque – terugblik op 'n vol en geseënde dienstyd

**Ds David Barnard**

**Wanneer ons as predikante die laaste paar jaar van ons bediening bereik, kan jy kwalik glo hoe vinnig dit verbysnel. Dit voel onwerklik wanneer jy skielik jou afskeidsgeleentheid moet reël.**

'n Groot aantal lidmate en kollegas het die voorreg gehad om op 10 Mei saam met dr Gerhard en mev Karien Lindeque terug te kyk op 40 jaar se kosbare dienswerk in die Kerk. Dr Lindeque is in 1986 georden en het in Gemeentes Voortrekkerhoogte, Swartkop, Rooihuiskraal, Midstream en Makarios (deeltyds) gedien. In beide Rooihuiskraal en Midstream was hy die gemeentes se eerste predikant, en dus die stigter en medebouer. Sedert 2017 is hy by die Bybelgenootskap van SA betrokke en tree as kantoorhoof van die Noordelike streek af. Dr Lindeque het as dosent by die destydse HTO, later AIM, en by die HTK opgetree. Hy was voorts ook lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Proponentseksamenkommissie en het as die redakteur van *Die Hervormer* gedien.

Die Kerk kyk in dankbaarheid saam met die Lindeque-gesin terug op kosbare diensjare in ons Heer se koninkryk en wens hulle seën toe met die nuwe lewensfase.

Op die foto verskyn dr en mev Lindeque saam met hul seuns, Jaco en Gerco en hulle gades. Die foto is tydens die afskeidsgeleentheid te Swartkop, dr Lindeque se grootwordgemeente, geneem.

(Ds David Barnard is emerituspredikant en leraar van Gemeente Magaliesmoot. Hy is ook die redakteur van *Die Hervormer*)



# Stoepstories: Doodstydings

**Oupa Stoep**

**Vreesbevange Vasie van Vaalboshoek vra:** ***Beste Oupa Stoep, iets wat my nog nie oorgekom het nie, maar waarvoor ek 'n heilige vrees het, is om 'n doodstyding te moet gaan oordra. Het Oupa dalk vir my raad hoe om hierdie baie moeilike taak met sensitiwiteit te verrig?***

Beste Vasie, wat jy hier noem is sekerlik een van die mees uitmergelende take wat op 'n predikant se pad kom. Oupa moes hierdie taak 'n paar keer in sy lewe verrig. Een van die kere was toe Oupa skaars ouer as 'n bogsnuiter sy diensplig as 'n kapelaan in die Suid-Afrikaanse Polisie gedoen het. Kapelane het pers epoulette gedra en ook 'n pers band om hul pette. Al wat 'n polisieman van daardie tyd was, het vir hul eggenotes geleer hoe dinge werk: Sou hy of sy aan diens of op die grens wees en iemand in uniform klop aan die deur, moes die eggenotes kyk na die kleur van die epoulette en die band om die pet. As dit donkerblou was, was dit 'n offisier en dan moes hulle weet dat hul wederhelftes op 'n manier beseer is. As die kleur pers was, moes hulle weet dis 'n kapelaan en dat hul wederhelftes oorlede is. Oupa het persoonlik beleef hoe 'n vrou voor sy oë verkrummel sonder dat Oupa 'n woord gesê het. Sy het geweet wat die pers beteken het.

Tydens Oupa se opleiding as dienspligkapelaan, is dit by die kapelane ingedril wat nodig is as 'n doodstyding oorgedra moet word. Hierdie geld nie net in 'n militêre opset nie, maar orals waar dié verpletterende nuus oorgedra moet word.

Die belangrikste wat Oupa geleer het, was dat jy soveel inligting moontlik moet kry voordat jy aan 'n deur gaan klop. Jy moet weet wat gebeur het, waar dit gebeur het, hoe dit gebeur het, wat die afloop van die gebeure was, waar die liggaam van die afgestorwene is, ensovoorts. Hoe meer inligting jy kan gee, hoe beter. Wat egter oor en oor by Oupa ingeprent is en wat hy self uit dure ervaring geleer het, was om nie iets te sê waarvan jy nie seker is nie en ook nie te bespiegel oor gebeure nie. As dit by feite kom, moet 'n mens eerder te min sê as te veel. Bo alles moet 'n mens eerlik wees. Oupa het geleer dat, in antwoord op al die *Hoekoms?,* 'n eerlike: *Ek weet regtig nie*, baiekeer meer help as 'n mooiklinkende, maar eintlik nikseggende, antwoord.

Oupa het ook besef dat daar nie een resep is wat werk vir elke situasie nie. Partykeer moet 'n mens oor en oor dieselfde vrae wat die mense vra, beantwoord. Dit is asof die werklikheid nie wil insink nie. Ander kere tref die volle impak van die tragiese gebeure omtrent dadelik die mense. Hulle sit net stom en staar voor hulle uit. Oupa het geleer om dan self maar net stil te bly en daar te wees vir die mense. En as hulle onbedaarlik begin huil, het Oupa meestal net saam gehuil...

'n Laaste ding wat Oupa geleer is, was om te probeer sorg dat iemand die mense aan wie die tragiese nuus oorgedra is, kom bystaan. Dit moet verkieslik iemand bekends, soos 'n familielid of 'n nabye vriend wees. Oupa het egter by die mense gebly totdat hulle aangedui het dat hy maar kan weggaan.

Maar nou, my liewe Vasie, terwyl hy glad nie ligsinnig wil wees oor 'n baie delikate onderwerp nie, wil Oupa tog 'n ware gebeurtenis met jou deel. 'n Boetie en sussie gaan besoek hul bejaarde moeder in die versorgingseenheid van 'n tehuis vir bejaardes. Moeder is nog redelik helder, maar die Lang Vergeet-siekte eis al sy tol.



In die loop van hulle kuier, vra Moeder: *Hoe gaan dit nou met antie Lang-Miem*? Haar seun antwoord dat antie Lang-Miem al twee jaar gelede oorlede is. Moeder is ontsteld en haar kinders troos haar. Dieselfde gebeur toe sy navraag doen oor die welstand van oom Poon en nig Atta. Haar seun lig haar in dat ook hulle al oorlede is en weer troos hulle vir Moeder. Moeder vra toe hoe dit met haar broer, Boet, gaan. *Dit gaan baie goed met oom Boet*, antwoord haar seun, *hy het mos op Jongensfontein gaan aftree*. Moeder is baie dankbaar om dié positiewe nuus te hoor.

Toe hulle uitstap, raas die sus met haar broer: *Hoe kan jy so vir ma lieg? Jy weet baie goed oom Boet is ook al oorlede!* Die broer antwoord heel bedaard: *Sus, jy moet mos verstaan. Geen mens kan meer as drie doodstydings op een dag hanteer nie!*

Redakteur: Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie: Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies: Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie: Mev Sarie Roux.
Uitgewer: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers: Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*